# SKOLEBEDIENING: Sonde bederf God se plan

**Doel van les:**

- God het jou wonderbaarlik geskep, maar sonde het gekom en God se plan kom bederf.

**Praise and worship**

**Lawwe ysbreker:** Kies vir jou 'n eienskap wat jou sal beskryf wat begin met dieselfde letter as jou naam, bv Awesome Annatjie, Joyful Junaita, Liewe Les. Staan nou in 'n sirkel, iemand gaan staan in die middel, sê hulle naam en wys na die volgende persoon wat in die middel moet kom staan. Soos jy klaar is vou jy jou arms. Wanneer die groep klaar is gaan sit hulle sodat ons kan weet watter groepe klaar is.

Die volgende speletjies gaan met die les te doen hê en die kinders moet nou in groepe opgedeel word.

**Aktiwiteit 1**: **Toiletpapier dodgeball**
Elke groep kry 'n sak vol toiletrolle. Die kinders moet mekaar met die toiletrolle probeer raakgooi. As 'n kind raakgegooi is, is hulle uit.

**Aktiwiteit 2: Toiletpapier oor onder**
Elke groep kry 'n toiletrol. Hulle staan in 'n ry, en moet die toiletrol oor die kop, onder deur die bene probeer aangee tot op die einde sonder dat die toiletrol breek. As die toiletpapier breek moet hulle van voor af begin.

**Aktiwiteit 3: Toiletpapier blaas**
Elke groep kry 1 velletjie toiletpapier, hulle moet die velletjie in die lug probeer hou deur dit te blaas. Die groep wie se velletjie eerste op die vloer beland verloor.

**Aktiwiteit 4: Toiletpapier ketting**
Elke groep kry 'n rol toiletpapier. Die eerste kind begin deur 'n stukkie toiletpapier om hulle gewrig vas te bind, dan vat die volgende een dit ens, totdat die hele groep aan mekaar 'vasgebind' is met die toiletpapier. As die papier breek moet hulle dit net weer met 'n stukkie vasdraai.

**Les inhoud**:

Wat gebeur wanneer ek toiletpapier vir julle wys en sê ons gaan vanadag speletjies daarmee speel, almal lag en is excited oor dit wat ons gaan doen, maar sonde is niks om oor te lag nie. Aan die begin dink jy dat dit waarmee jy besig is ongskuldig is, dit kan jou nie seermaak nie, dit gaan niks in jou lewe verander nie, maar weet jy dat sonde dit wat God in ons lewens wil doen keer?

**Illustrasie:**

- Laat die kinders kyk hoe maklik dit is om die blokkie toiletpapier wat hulle in die speletjie gebruik het, te skeur. Dis nogals maklik ne? Nou benodig ek 'n vrywilliger. Die vrywilliger moet sy/haar middelvinger en ringvinger uitsteek. Gaan nou voort om die hele rol toiletpapier rondom die vingers te draai.

**Verduidelik:** Dit wat nou gaan gebeur is baie keer wat gebeur wanneer die Satan ons oortuig om sonde te doen. Hy laat dit klink asof die sonde nie heavy is nie en soms dat dit nie eens sonde is nie. Daai maatjie het baie geld, so dit maak nie saak as ek dalk R10 vat nie. Ek het dit nodig. Daai outjie is altyd lelik met my. Hy verdien dat ek hom seermaak. My suster het my eerste geslaan. Dan begin dit al hoe makliker te raak om verkeerde dinge te doen, maar ongelukkig besef ek nie hoe ek al hoe meer vasgevang word in sonde en al verder van Jesus beweeg nie. Nou moet die vrywilliger probeer om die vingers uitmekaar te maak en so die toiletpapier te breek.

So het die Satan al baie mense getrick en gaan hulle hel toe, want hulle kon nie meer los breek van al die sonde nie. Die Bybel se dat die uiteinde van die sonde die dood is. Dis wat die Satan wil he. Dat ons saam met hom in die hel moet beland.

- Wat is van die sondes wat ons doen wat ons baie vinnig en maklik, 'vasbind' soos die toiletpapier?
- Hoe kan ons daarvan loskom / vrykom?

Vat sker en knip vingers los. Vandag wil ek vir jou sê dat Jesus jou 'n kans gee om te breek met sonde. Om los te kom. Al wat Hy wil hê, is dat jy jammer sê met jou hele hart en dit nie weer doen nie.

**Sluit af met gebed.**